

7 DAYS ON THE WALL

GEBEDSGIDS VIR

Geestelike Ontwaking van die Kerk

– Jesaja 62:6,7 –

Redding van Siele

– Handeling 15:16,17 –

Sosiale Herstel

– Lukas 18:7,8 –

7 Days on the Wall is 'n **dag en nag** gebedsinisiatief met 'n ernstige oproep tot elke Christen (insluitend plaaslike gemeentes, gebedswagte en gemeenskappe) om vir **7 dae (168 ure)** letterlik **dag en nag** na God te roep vir herlewning in hul land!



Slegs **24 persone** is nodig wat elk **een uur per dag** bid om die hele week vol te maak!!!



Vir meer inligting, praktiese riglyne asook die nuutste getuienisse, besoek gerus
www.jwipn.com/7-days-wall/
asook Facebook @7daysonthewall

Geestelike Ontwaking van die Kerk

O Ontwaking en verootmoediging Esegiël 37:5

So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe. Bid vir 'n honger en dors na God, en radikale sondebeseft.

N Nederigheid en eengesindheid 1 Petrus 5:5b

... "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade." Bid vir die gesindheid van Christus in harte, wedersydse respek en onderdanigheid.

T Tiendes en offergawes Maleagi 3:10a

Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe, sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Bely gierigheid, selfsug en ongehoorsaamheid om te gee vir die kerk, armes en sending.

W Wonderwerke en genesing 1 Korintiërs 2:4

Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Bely ongeloof in wonders, tekens en bonatuurlike genesing in vandag se tyd, asook ongehoorsaamheid om vir siektes met geloof te bid en God se krag te demonstreer.

A Aanbidding en gebed Johannes 4:24

"God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid." Bely biddeloosheid vir jou land en ongereddenes, ook die gebrek aan soeke na God as individu, binne die gesin en kerk. Bid vir 'n vars uitstorting van die Heilige Gees.

A Alomteenwoordigheid Hebreërs 4:13a

Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. Bid vir 'n terugkeer van die vrees van, en ontsag vir God.

K Krag van die Heilige Gees Handelinge 1:8

"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees ..." Bid vir die lig van die waarheid om te seëvier oor leuens, alle toordery en ongeregtigheid. Bid vir die krag van die Heilige Gees wat lei tot oortuiging van sonde, die redding van siele en die verheerliking van God die Vader en die Seun, Jesus Christus.

Redding van Siele

O

Onvermoë besef

Johannes 16:8, AOV

... en as Hy (Heilige Gees) kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel ... Bid vir sondeoortuiging, die nood vir 'n Redder, asook 'n besef van die onvermoë van die mens om sy eie omstandighede te verander.

N

Negatiewe ervarings

1 Petrus 5:8

Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bid vir genesing, herstel van alle verwerping, seer, pyn en ongeregtigheid. Ook vir versoening in verhoudinge oor alle grense heen.

G

Geloof

Efesiërs 2:8

Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Bid vir die besef dat redding alleen op grond van geloof is, en nie werke nie. Bid vir die suiwer verkondiging van die Evangelie volgens die Skrif.

E

Erkenning

Lukas 9:26

"Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom ..." Bid dat mense 'n bewustheid van sonde sal ontwikkel en hul harte oopmaak vir die verlossingswerk van die Kruis.

R

Redding

Handelinge 11:23b

... en hy het hulle almal aangespoor om met hart en siel aan die Here getrou te bly. Bid vir algehele oorgawe van harte, 'n diep ervaring van die verlossingsboodskap van Christus, die vervulling met die Heilige Gees, en lewens wat openlik getuig van God se liefde.

E

Evangelie

2 Timoteus 4:2

... verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderig te gee. Bid vir vrymoedigheid, liefde en oorgawe om tydig en ontydig die Evangelie te deel met almal.

D

Denke en dade

Romeine 12:2a

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe ... Bid vir nederigheid en sagtheid van hart, asook die vernuwing van gedagtes en verandering van optrede by alle gelowiges en nuwe bekeerlinge.

Sosiale Herstel

S Sakesektor en werkskepping

Psalm 25:21

Laat onskuld en opregtheid oor my die wag hou, want op U vertrou ek. Bid vir innoverende planne vir werkskepping, buitelandse beleggings, die herstel van ekonomiese groei, besigheidsintegriteit, asook 'n wil om te werk en te bou aan die ondernemings waar jy werk.

O Opvoeding en onderwys

Spreek 1:3-4

So sal hulle 'n behoorlike opvoeding ontvang en 'n sin vir regverdigheid, reg en billikheid. Wie nog nie kennis het nie, sal verstandig word, jongmense sal leer om met kennis en oorleg op te tree. Bid vir die herstel van goddelike orde, dissipline, wedersydse respek tussen kinders en onderwysers, asook 'n honger en dors na God in die harte van kinders en onderwysers.

S Seksuele- en geweldsmisdaad

Psalm 85:11

Liefde en trou sal mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede sal mekaar omhels ... Verklaar God se wil uit die Skrif oor alle dood, geweld en wangedrag. Bid vir die redding van skuldiges, die arrestasie en vonnis van kriminele, en die emosionele en fisiese geneesing van onskuldige slagoffers.

I Informasie- en mediabedryf

Johannes 17:17

"Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid." Bely die verkondiging van halwe waarhede, eie of politieke agendas wat die bevolking verwar en die opstoot van vrees of aggressie. Bid vir waarheid, integriteit en eerlike verslagdoening.

A Anargie en wetteloosheid

Psalm 89:15

U troon is gebou op geregtigheid en reg, liefde en trou staan in u diens. Bely die Kerk se onvermoë om vrymoedig op die Skrif te staan, wat gelei het tot apatie teenoor seksuele promiskuiteit en aborsie en tot die versuim om duidelike leiding oor die huwelik en die gesin te gee. Bid vir die herstel van reg en geregtigheid.

A Afhanklikheid en verslawing

Jesaja 61:1b

... Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig ... Bid vir die bevryding van verslaafdes, vir meer instansies wat hulle kan help, en vir die verbreking van al hierdie bose kringlope.

L Leierskap en integriteit

1 Timoteus 2:1-2a

Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbedding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen ... Bid vir die lig van die waarheid om te seëvier oor leuens, alle toordery en ongeregtigheid. Bid vir integriteit, veral by Christen-leiers, Christen-rolmodelle, politieke leiers en geestelike leiers.